### *Rafael gee uitleg oor Messiasbeloftes*

**153** **Rafael** sê: "Maar dit was tog voor die hand liggend dat dit `n geestelike en geen letterlike betekenis gehad het nie! Dit het betrekking gehad op die Messias wat in die tyd moes kom, wat reeds deur alle profete, ja ook al deur Adam en Henog, netsoos deur Kenan tydens sy geestesvervoering, voorspel is!

[2] Die tyd het toe gekom waarin al die voorspellings vervul was! Sagaria het as laaste profeet op geestelike wyse voorspel oor die reeds plaasgevinde koms van die Beloofde, en julle het Sy liggaam daaroor gedood en het daardeur opnuut `n hegte verbond met die hel verseël, wat Kaïn, al vegtend met die vrome Abel, as eerste voor die blinde, domme en slegte mensdom geopen het.

[3] Maar dit kan die te blinde en te domme mensdom tog nie te erg aangereken word as hulle in hulle blindheid alle soorte gruwelike sondes begaan het nie, en daarom sal ook u, vanweë Sagaria, nie geoordeel word nie, en dit nog des te minder omdat u wel die misdaad al goed ernstig berou het, wat u ten goede gereken sal word. Maar nou is die vraag, wat sou u doen as u van aangesig tot aangesig met die Messias,wat reeds dertig jaar in hierdie wêreld onder die Judeërs rondwandel en leer, te staan sou kom, en wat u vyftig kollegas sou doen! Sou u Hom die verskuldigde eer gee, en Hom in u hart as die Een aanvaar wie Hy is?"

[4] **Stahar** sê: "Almagtige vriend, dit is alweer `n vraag waarby `n mens by die beantwoording heeltemal die mis in sou kan gaan! Wie is die erg mistieke, beloofde Messias? Waar is Hy? Wat wil Hy, en wat leer Hy? As jy dit nie weet nie, kan jy tog om JaHWeH se wil geen duidelike antwoord gee nie!"

[5] **Rafael** sê: "HY IS Hy waaroor Dawid sing toe hy sê: 'Maak die poorte hoog en die deure breed, dat die Meester van alle heerlikheid kan inkom! Maar wie is die Meester van die heerlikheid? Hy is JaHWeH Sebaoth!" Kyk, hierdie getuienis gee hy die Messias, wat Hom nou heilig, heilig, heilig in hierdie wêreld bevind in `n liggaam net soos ons!

[6] Maar as Dawid op hierdie wyse duidelik oor Hom getuig het, dan is u vraag daarmee beantwoord, en weet u nou goed wat u van die Messias kan verwag. Daarom eis ek nou ook `n duidelike antwoord op die vraag wat ek aan u gestel het!"

[7] **Stahar** sê: "As dit so is, wat ek binne my persoonlike sfeer gladnie wil betwyfel nie, vra ek egter: Wat doen ons dan met Moses, by wie tog ook goed uitdruklik en duidelik staan: 'Geen mens kan JaHWeH sien en tewens die lewe behou nie!"? Tewens vind ons in Moses `n formele verbod, van JaHWeH se kant af aan die groot siener, waarin daar staan dat `n mens Elohim met geen enkele afbeelding, hoe verhewe ookal, mag voorstel nie! Maar jy sê dat die Messias, volgens die gesegde van Dawid, nou Self as `n mens In corpore (liggaamlik), dus volkome en in daardie vorm, rondwandel!? Hoe staan dit nou met die verbod van Elohim aan Moses, wat moet daarmee gebeur?! Eén moet verval, hetsy Moses of jou Messias, want beide Moses en Dawid kan tog onmoontlik gelyk hê!"

[8] **Rafael** sê: "Nie Moses nie en Dawid ook nie! Want beide verkondig aan die mense die regte, goeie en ware! Moses het nie op bevel van JaHWeH gesê dat Hy nie te enigertyd as Mens onder die mense sou kan kom nie, hy verbied slegs om `n gesnede beeld van Elohim te maak op die manier van die goue kalf. So sê JaHWeH ook aan Moses, dat niemand vir Hom as Elohim of Gees sou kan sien en lewe nie. Dadelik daarna sê JaHWeH egter tog aan Moses: 'Kyk My na, - maar bly agter die rots!", en Moses het die rug van JaHWeH gesien.

[9] Wat sou dit nou wil sê? Kyk, die rug van JaHWeH wat Moses sien, is nou juis die simbool van die menslik-liggaamlike van Hom, wat Self eendag voor die mense as die volkome Mens sigbaar sou word! Maar as dit nou só is, hoe kan `n mens Moses dan verwerp as `n mens Dawid se getuienis aanvaar?

[10] U het tog ook al reeds dertig jaar gelede die ou Ark van die verbond opsy gesit omdat die vuursuil en die rookkolom verdwyn het, en in plek daarvan het u daar `n nuwe, heeltemal materiële een neergesit! Dit was egter ook, sonder dat u dit verstaan het, `n getuienis vir hierdie tyd. Dit beteken dat JaHWeH nou nie meer slegs as Gees, bo alle materie verhewe, sweef nie, soos eertyds bo die nagtelike waters nie. Hy het Self die plek verlaat waar Hy Hom as Skepper en Vader maar moeilik en onduidelik deur middel van die gewekte siener voor die ander kinders herkenbaar kon maak. Hy het daarom Self in die liggaam van `n mens gekom en leer nou Self die mense, en bemoei Hom met Sy kinders!

[11] Sien u hier ook nie `n nuwe Ark van die Nuwe Verbond nie, waarvan die dooie nuwe een in die tempel slegs `n vermanende simbool is nie? Maar die geestelike lewe van JaHWeH, wat eers bo die ou ark gesweef het, het JaHWeH Self al dertig jaar gelede in hierdie Godmens geplaas, en Hy is nou hier in die wêreld en leer Self die mense om Hom te herken!

[12] As dit nou so is, kan u dan nog sê: Om dit te aanvaar sal `n mens Moses of Dawid moet afwys?

[13] Ook staan daar geskryf: 'In dié tyd sal die hemele wyd oop staan en die engele sal opvaar en neerdaal na die mense wat van goeie wil is, en hulle sal vir hulle getuig van die vleesgeworde, ewige Woord, Wie Elohim Self is!" Dit gebeur op die oomblik voor u ore en oë! Wat wil en kan u dan nog meer vra?! Of dink u nog altyd dat ek slegs `n mens is?"

[14] **Stahar** antwoord, terwyl hy nou diep nadink oor die woorde van die engel: "Hm, dit is `n heel vreemde gewaarwording! Dit is sekerlik waar, en die waarheid straal uit elke woord van jou hemelse mond. Ek is nou bekeer. Dit gaan nou egter oor my kollegas, dat hulle ook kan bekeer, en dan gaan dit daaroor waar ons die groot Messias kan ontmoet om Hom Self te kan hoor!"

[15] **Rafael** sê: "Gaan heen en vertel aan u broeders dat ook hulle gelowig en salig kan word. Kom dan weer terug en verneem waar u die Mees Heilige sal kan sien en spreek!"

[16] Toe gaan Stahar dadelik na sy nog sombere vriende.

### *Die owerste bekeer sy kollegas*

**154** Stahar se kollegas het hulle intussen vir die grootste deel aan die oewer van die see versprei, terwyl daar ook `n aantal op die erf gewandel het. Maar **Stahar** roep na almal aan die oewer en toe hulle versamel was, sê hy aan hulle:

"Vriende! Het julle die jongman hoor praat en gesien wat hy doen?"

[2] **Die woordvoerder** van die kollegas sê: "`n Bietjie, maar nie alles nie. Ons het gemeen dat die Romeinse stadhouer alles so netjies in `n skouspel gesit het om ons almal in sy net te verstrik, en ons dink toe: Ver verwyderd van die boog is `n mens veilig vir die pyl! Ons het tog alles al verloor, - die bedelstaf is ons deel! Die stad brand nog altyd! Wat moet ons doen? Die Romeine weet wat ons vir die volk beteken! Sonder ons guns, wat moeilik te verkry is, sal hulle heerskappy in Asië hulle duur te staan kom! O, so `n Romein soos Cyrenius, wat alle middele van die drie wêrelddele ten dienste staan, ken alles!

[3] Gee my slegs `n massa goud en silwer en dan word ek ook `n wonderdoener, miskien nie so soos die wonderjonge nie, - maar ek sal tog buitengewone wonders teweegbring!"

[4] **Stahar** sê: "Vriend, jy is dwaas as jy so praat, en nog nie eers die onderskeid ken tussen `n werklike en `n nagemaakte wonder nie! Ek het alle besware na vore gebring, en alle redelike teenargumente gebruik, maar met al my geopperde teenwerpings het ek smadelik deur die mandjie geval toe die jonge my my geheimste gedagtes begin voorhou! Daardeur het ek eers my ou, groot vergissing ingesien, en daarom kom ek nou na julle toe om dit wat ek gesien en gehoor het, aan julle oor te dra!

[5] Die jonge is ongetwyfeld `n engel van Elohim, en hy getuig dat die beloofde Messias reeds in die wêreld is, en die blindes siende, en die dowes horende en verstandig maak, en dat dit selfs moontlik is dat ons Hom nog hier te siene en te spreke sal kry.

[6] Ek glo nou alles en julle almal moet dit ook glo! Want ek is werklik nie een wat iets so maklik aanneem en glo nie. Ek moet eers haarfyn en grondig oortuig wees van iets voordat ek dit aanneem, maar as ek eenmaal oortuig is, staan dit ook so vas soos `n rots van graniet, en kan niemand my dit meer ontneem nie!

[7] Omdat dit so by my is, kan julle dit sonder verdere bedenkings ook wel van my af aanneem! Want julle almal bymekaar is nie in staat om meer kommentaar te lewer as wat ek reeds gelewer het nie, maar al my besware was afgestraf as leuens! En omdat alles oor die Messias uiteindelik vir my net so duidelik geword het dat l en l saam 2 is, daarom kan julle my nou wel sondermeer glo!"

[8] **Die woordvoerder** van die kollegas sê: "Dit vind ons almal goed, maar die vraag is nou wat ons volgens jou moet glo!"

[9] **Stahar** sê: "Is julle dan doof?! Sê ek dan nie vir julle dat die jongman waaragtig `n engel van Elohim is nie, dat die Messias in die wêreld is en dat ons Hom Self sal sien en hoor nie?! Dit en niks anders moet julle glo!"

[10] **Die woordvoerder** van die kollegas sê: "Goed! As jy glo en selfs rekeningkundig van hierdie saak oortuig is, kan ons nie daaraan twyfel nie. Maar `n mens moet by die nuwe verskynsels, wat nooit vroeër voorgekom het nie, ook altyd daarmee rekening hou dat die beste swemmers wel eerste verdrink, die onverskrokke bergklimmers van die berg afstort, en diegene, wat sogenaamd vas in die geloof staan, uiteindelik vroeër gaan twyfel as diegene wat iets onverstaanbaars nie so vinnig verstaan het nie, en nie dadelik sê dat hulle `n rotsvaste geloof het nie!

[11] Jy staan by ons bekend as iemand wat nooit so vinnig iets glo nie, en daarom neem ons jou woord asook jou voorwaardes aan, maar `n versigtige terughoudendheid kan nooit skaad nie! Want ons weet uit die Skrif, dat menige profeet wat wonders gedoen het, teen die einde van sy lewe `n goeie eenvoudige, swak mens geword het! Op die laaste blyk dit eers wie se geesteskind so `n profeet was. Daarom moet dit ook hier goed in die oog gehou word."

[12] **Stahar** sê: "Dit neem ek alles op my verantwoordelikheid. Ek besef goed dat ons nie daarmee by die tempel kan aankom nie, maar ons sal weet om onsself ook daarteen te beskerm! Uiterlik bly ons - maar ietwat verstandiger - wat ons was, en betaal die tempel die vasgestelde bydrae, maar in ons binneste moet dit nou ontsettend verander, en na verloop van tyd sal ons ook die volk in iets beters kan inwy.

[13] As julle nou almal dieselfde wil en glo soos ek, kan ons nou gesamentlik gaan na die plek waar die opperstadhouer en die jongeling hulleself bevind, waar nog meer aan ons duidelik gemaak sal word!"

[14] Die kollegas is dit daarmee eens en gaan na Cyrenius toe, en toe hulle daar aankom, sê **Stahar**: "Hier is ons dan, en ons staan nou heel en al tot u diens. Wat u wil, sal ons ook doen, en niemand sal ons ooit meer teen u opsteek nie! Laat die goeie, almagtige engel van Elohim egter ook hierdie broeders van my nog meer bevestig in die geloof van alles wat ek self in die begin moeilik kon aanvaar!"

[15] **Cyrenius** sê: "Nou sien u dat ons Romeine nie sulke onbarmhartige regters is soos wat u so lank al gedink het nie. Ons het egter `n streng regspraak en die volle waarheid! Wie daaraan voldoen, is ons vriend, verkry die Romeinse burgerreg, en geen regbank buiten die van Rome mag hom ooit veroordeel nie.

[16] Daarom is die eerste weldaad wat ek u gaan bewys, die skenk van `n Romeinse burgerbrief! U, met inbegrip van die owerste met vyftig man, kry dit dadelik! As u dit eers eenmaal het, sal ons wel sien wat daar alles vir u gedoen kan word!"

[17] Toe beveel Cyrenius sy dienaars om vyftig dergelike perkamentrolle te haal. Die dienaars gaan na die bagasiesakke van Cyrenius, en bring vinnig die gevraagde rolle. Toe dit op die tafel lê, vra **Stahar** aan Cyrenius: "Geëerde meneer, ons sal tog wel eers ons name vir u moet opgee?"

[18] **Cyrenius** sê, terwyl hy na die engel wys: "Kyk, hy is my snelskrywer, hy weet alles wat hy moet doen en ken ook u name. Hy sal die briewe klaarmaak waar u bystaan!" Toe vra Cyrenius aan Rafael om dit te doen.

[19] **Rafael** kom vinnig na die tafel toe waarop die vyftig rolle lê, rol dit, so goed moontlik, op die tafel uit, neem toe `n skryfstif wat met `n swart kleurstof gevul was, gaan vervolgens daarmee bliksemsnel oor alle rolle en sê toe aan Cyrenius: "Vriend, hier het u die gevraagde briewe in die Romeinse, Griekse en Judese taal, deel dit nou aan die betrokkenes uit!"

[20] Toe Cyrenius daarna begin om die briewe uit te deel, word die vyftig almal vreesbevange. Want die wonder was dadelik vir die vyftig te groot en te geweldig, en almal begin bewend in te sien dat hulle hulself nou in die nabyheid van Elohim bevind . Hulle bedank Cyrenius vir hierdie dubbele barmhartigheid, maar geeneen van hulle durf iets sê of om iets te vra nie.